education
Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## SEPTEMBER 2014

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees.

6. Die beplanning moet VOOR elke teks wees.

7. Alle beplanning moet duidelik aangedui word as sodanig en ingehandig word. Dit word aanbeveel dat 'n streep deur alle beplanning getrek word.

8. Jy word sterk aanbeveel om jou tyd soos volg in te deel:

    - 60 minute aan AFDELING A
    - 30 minute aan AFDELING B
    - 30 minute aan AFDELING C

9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

10. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.

11. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: OPSTEL

BEANTWOORD SLEGS **EEN** VRAAG UIT AFDELING A (VRAAG 1–VRAAG 8)

Skryf 'n opstel van ongeveer 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die nommer en die title van die onderwerpe wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### VRAAG 1: MY SKOOLHOOF IS DIE BESTE




[Uit: *Huisgenoot*, 2013]


Jou skoolhoof is betrokke, relevant en ingelig. Hy hou baie van al die leerlinge, onderwysers en werkers by die skool.

Skryf 'n opstel oor jou beste skoolhoof.

Dink aan die volgende:

- Waar gaan jy skool?
- Wie is jou skoolhoof?
- Hoe is hy betrokke in jou skool?
- Hoe is hy belangrik vir jou skool?
- Waarom dink jy jou skoolhoof is ingelig?
- Watter mooi dinge doen jou skoolhoof vir jou skool?
- Wat leer julle van hierdie skoolhoof? **[40]**

**VRAAG 2: EK HET MY MATRIEK GESLAAG**




[Uit: *Huisgenoot*, 2013]

Vir elke matrikulant is matriek 'n prioriteit.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf hoe jy gaan voel nadat jy jou matriekuitslae gekry het.

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy vir jou matriekeksamen voorberei?
- Beskryf hoe jy gaan voel nadat jy die uitslae gekry het.
- Wat sal jou ouers trots maak?
- Watter planne het jy vir volgende jaar? **[40]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: MY SPAN, MY PASSIE

Die Minister van Sport, mnr. Fikile Mbalula, moedig jong skoolkinders aan om aan een of ander sportsoort deel te neem.




[Uit: *Sowetan* 2013]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou deelname aan sport by jou skool.

Dink aan die volgende:

- Watter sportsoorte is daar by jou skool?
- Hoe vurig/geesdriftig is leerlinge oor sport?
- Aan watter sportsoort neem jy deel?
- Hoekom hou jy van hierdie sport?
- Wat is jou doel met hierdie sport in die toekoms?
- Motiveer jong leerlinge om die minister se aanmoediging te volg en aan sport deel te neem. **[40]**

## VRAAG 4: DÍT HET DIE AFRIKAANSE PERIODES SPESIAAL GEMAAK



[Uit: *Image Library*, 2010]

Afrikaans was jou gunstelingvak op skool. Dis nou jare later en jy en jou ou skoolmaats gesels oor die Afrikaanse periodes.

Skryf 'n opstel waarin jy terugdink of bespiegel oor wat hierdie periodes so spesiaal gemaak het.

Dink aan die volgende:

- Wie was jou Afrikaanse onderwyser?
- Wat was interessant gedurende Afrikaanse periodes?
- Wat het die Afrikaanse periodes so spesiaal gemaak? **[40]**


## VRAAG 5: WAT 'N GEVEG!

Net na skool het twee leerders van jou skool baklei. Dit is baie sleg wanneer so iets gebeur.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:


- Hoe het die bakleiery begin?
- Wie het baklei?
- Waar het hulle baklei?
- Hoe het die geveg verloop?
- Hoe is die bakleiery gestop?
- Wat dink jy van skoolkinders wat baklei?



[Uit: *Image Library*, 2012]

**[40]**

**VRAAG 6**



[Uit: Google Images]

**LET WEL:**

- Skryf 'n opstel oor die prent.
- Gee jou opstel 'n TITEL.

**[40]**

**VRAAG 7**





[Uit: *Huisgenoot*, 2013]

**LET WEL:**

- Skryf 'n opstel oor die prent.
- Gee jou opstel 'n TITEL.

**[40]**

**VRAAG 8**




[Uit: *Huisgenoot*, 2013]

**LET WEL:**

- Skryf 'n opstel oor die prent..
- Gee jou opstel 'n TITEL. **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

Kies EEN onderwerp uit AFDELING B (VRAAG 9–VRAAG 12) en skryf 80–100 woorde oor dié onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

**VRAAG 9: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy sit gereeld en wonder wat nà matriek vir jou in die grootmenswêreld wag.

Jy raak bang as jy aan al die moontlikhede dink.

Skryf 'n brief aan 'n vriend of vriendin waarin jy sê wat jou bang maak en hoekom jy so bang is vir die grootmenswêreld wat op jou wag.

Dink aan die volgende:

- Die uitdagings van die toekoms.
- Hoe gereed jy is vir die grootmenswêreld. **[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 10: FORMELE BRIEF

Jy voel baie ongelukkig oor julle skool se swak graad 11-uitslae van verlede jaar. Daar word baie verskillende redes gegee waarom die uitslae so swak was.

Skryf 'n brief aan die vakadviseur waarin jy vertel hoe swak die uitslae was, wat dit veroorsaak het en hoe dit reggestel kan word. Gebruik die volgende adres: Gebiedskantoor, Posbus 651, Potchefstroom, 0306.

Dink aan die volgende:

- Hoeveel leerders in julle skool het die graad 11-eksamen geskryf?
- Hoeveel het nie geslaag nie?
- Wat is die redes vir die swak uitslae in julle skool?
- Noem minstens TWEE redes vir die swak uitslae.
- Wat dink jy moet gedoen word om die uitslae te verbeter? **[20]**

## VRAAG 11: DIALOOG

Jy is vals beskuldig dat jy jou pa se geld gesteel het. Later is die geld iewers in die huis deur jou ma gevind.

Jy gesels nou met jou pa om jou onskuld te verduidelik.

Skryf nou hierdie gesprek tussen jou en jou pa in dialoogvorm neer.

Begin so …

Ek: Pa, ek het voorheen verduidelik dat ek nie die geld gesteel het nie.

Pa: Ek is jammer my seun. **[20]**

## VRAAG 12: RESENSIE

Vanjaar is die eerste keer dat leerders oor die hele Suid-Afrika uit dieselfde lys boeke of kortverhale kon kies vir die Graad 12-jaar.

Skryf 'n resensie oor die EEN boek of EEN kortverhaal wat julle gelees het.




[Uit: *Huisgenoot*, 2010]

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in AFDELING C (VRAAG 13–VRAAG 15).
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.


### VRAAG 13: RIGTINGAANWYSINGS

Jou skool het vir Mandoza, die sanger, uitgenooi om by julle te kom sing. Jy moet vir Dozi verduidelik hoe hy vanaf sy hotel in President Steynstraat moet ry om by die skool se parkering uit te kom.

Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder en gee SEWE instruksies hoe hy moet ry. Gebruik straatname en ten minste TWEE bakens soos geboue, ensovoorts, wat hom sal help om nie te verdwaal nie.

Begin so:

- Ry by die hotel se uitgang uit.
- Draai ...




**[20]**

## VRAAG 14: ADVERTENSIE

Jy wil tydens die skoolvakansie ekstra sakgeld verdien. Jy besluit om kinders op te pas terwyl die ouers werk toe gaan.

Stel 'n advertensie op waarin jy dié diens adverteer.


Dink aan die volgende:

- Waarom die ouers op jou kan staatmaak om hulle kinders op te pas.
- Hoeveel jou dienste per dag kos.
- Met watter aktiwiteite jy die kinders besig sal hou.
- Ander relevante inligting. **[20]**

## VRAAG 15: POSKAART

Jy is 'n finalis in die Bojanala 2014-Danskompetisie. Vertel jou maat van jou voorbereidings voor die groot aand en hoe jy daaroor voel.

Teken die poskaart in jou antwoordeboek oor en vertel van jou voorbereidings. Onthou om 'n adres op die poskaart te skryf.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou